

VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Daleen Kleyn.
Maandag:	Fanie du Toit, Christa Frylinck, Monique Laubscher, Guillaume Oberholzer, Isabel van der Merwe.
Dinsdag:	Sonya Eygelaar, Koos Ludick, Wimpie Strauss, Alex van Wyk.
Woensdag:	Damian Geldenhuys, Johan Rademan, Elize Richter, Fritz Willmot.
Donderdag:	Jan Buitenhuis, Danika de Vries, Tiny Herholdt, Emilie Schneider, Daniella Snyman, Juan van der Merwe.
Vrydag:	Estelle Goosen, Lize Grobbelar, Desiree Malherbe, Hetta Nel, Elsabé Nortjé.
Saterdag:	Sophia Malan.

Aanhouwen Boetiek oop Dinsdae 10:00 - 12:00

Aanhouwen verkoop tweedehandse klere om fondse in te samel. **Kleredonاسies dringend benodig!** Jy kan dit direk na Aanhouwen in Dummerstraat neem of laai gerus by die Kerkkantoor af.

VISAGIE. Is jou van Visagie? Was jou van Visagie? Ken jy iemand met die van Visagie? Dan is hierdie die boek vir jou om te lees, of as 'n geskenk te gee. Dr Jan Visagie, afgetrede dosent in geskiedenis, het sy navorsing oor **die stamvader van die Visagies, Pieter Visagie** te boek gestel en vir ons gemeente 'n aantal boeke geskenk om te verkoop - @ R110 per boek. Kontak gerus die kantoor as jy so 'n boek vir jouself of iemand anders wil koop.



NKOSI- SUPERBAR
"n Volledige, gebalanseerde maaltyd in 'n stafie" - Ideaal om aan 'n

behoefte by die verkeerslig te gee
WEER BESKIKBAAR BY DIE KERKKANTOOR @ R10 elk

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee.

Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer



**NG Kerk Lourensrivier - Strand
Feesmark**

22 Oktober - 6 November
Weeksdae 9:00 - 19:00, Saterdag 9:00 - 16:00

FAMILIENUUS

SONDAG 17 OKTOBER 2021

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00:	EWALD JANSEN VAN RENSBURG
SKRIFLESING:	MARKUS 10:35-45
TEMA:	JESUS-VOLGELINGE WEEET DIT GAAN NIE DAT ANDER JOU BEDIEN NIE, MAAR DAT JY ANDER DIEN .

Ons is baie dankbaar dat 250 mense nou die erediens in die kerkgebou mag bywoon.

KATEGESE BEGIN WEER VANDAG!

Graad R-3 is eers in die kerkgebou en gaan dan na hul klassie Graad 4-7 na die erediens in die Jeuglokaal. Graad 8-10 na die erediens in die Familiekamer. Ouers wat graag van die Wikkelmurklas (3-5 jariges) gebruik wil maak, moet asb. die kerkkantoor in kennis stel

DEUROFFERS:

Calvynse Kerk Macassar

Hierdie gemeente stel hulle kerkgebou en kerksaal gratis tot die beskikking van MHELP (Macassar Help Empower Local People) om die sopkombuis hiervandaan te bedryf. Ons gemeente werk sedert 2001 baie nou saam met hierdie gemeente spesifiek wat betref die bedryf van die sopkombuis. Sedert die begin van die sopkombuis staan Sammy en Sophia Louw aan die leiding daarvan. Elke week word sowat 250 volwassenes van kospakkies voorsien. Die geld wat met die spesiale dankoffer ingesamel word, word gebruik vir die instandhouding en die onderhoud van die kerkgebou en saal.

Volgende week: Thomas House of Hope

Leraars:	Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za	Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor:	Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00	
Telefoon:	021 852 5004 E-pos: admin@nghottentotsholland.co.za	
Bankbesonderhede:	NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51	

www.nghottentotsholland.co.za

Leiers vir Sondagskool, Gr R tot Gr 3. Hierdie kinders het dringend een of twee mense nodig om Sondagoggende, tydens die tweede helfte van die ere diens, vir hulle 'n klas aan te bied. Dit is beslis 'n opoffering, omdat jy nie die hele ere diens in die kerkgebou kan bywoon nie. Terselfdertyd is dit 'n baie goeie belegging om in hierdie tyd vir ons kleiner kinders te begelei om dissipels te wees. Ons probeer mekaar aflos, sodat jy nie elke Sondag aan diens is nie. Kontak gerus vir Maryke (083 298 5583) of Hennie (082 859 5646)

KERKRAADSVERKIESING:

By die kerkraadsvergadering van **26 Oktober 2021** moet vyf kerkraadslede verkies word. Gemeentelede word versoek om asseblief persone te nomineer deur hulle name by die kerkkantoor te gee, of per e-pos te stuur aan admin@nghottentotsholland.co.za

Bybelgesprek – Woensdae 08:45 – 09:45. Die vierde kwartaal se reeks gesprekke begin op **Woensdag 20 Oktober**. Ons gaan hierdie kwartaal gesprek voer met 'n aantal bekende en minder bekende figure uit die Bybel: Josef, Mirjam, Hanna, Eli, Gulda, en ander. As jy nog nie voorheen hierdie gesprekke bygewoon het nie, kan jy gerus kom kyk en luister, en dan te besluit of jy op 'n langer termyn wil inskakel.

Huis Andrew Murray Kersskoeboksprojek 2021

NOG NET 32 BOKSE OOR! Neem gerus na die ere diens 'n boks, sodat ons vir elkeen van die 144 kinders 'n persoonlike geskenkpakkie vir Kersfees te gee. Dankie aan diegene wat reeds hul bokse gevul en afgegee het.



Wie is lus om die **Haarkapperroete**, tussen Stanford en Tesselaarsdal te kom stap – op Saterdag, 6 November. Dié roete, in die vorm van 'n “8” begin en eindig by die Phillipskop Natuurreservaat, en is sowat 17 km lank – met die moontlikheid van 'n ete by 'n klein restaurant halfpad. Kontak vir Hennie – 0828595646.

Ons familie se **Tiendemaand dankoffer** is weer hier. Dit laat dink ons aan die storie oor 'n seuntjie wat saam met sy ouma een oggend kerk toe is. Alles het goed gegaan totdat dit dankoffertyd was. Toe ouma in haar handsak begin soek vir haar dankofferkoevert, besef sy sy het dit op haar spieëltafel vergeet. Verleë het sy in haar beursie gesoek om iets in dankoffersak te plaas. Toe hy sy ouma se dilemma sien, het die seuntjie sy blink plan kliphard aangekondig: “Hier, ouma, jy kan my geldjie kry om in te sit, ek sal onder die bank wegkruip!” Sodat elkeen van ons in hierdie moeilike ekonomiese tye nie verward in ons beursies rondsoek of onder die banke wegkruip nie, is hier 'n paar riglyne oor dankoffers om te oordink:

- God het ons 'n goeie wêreld gegee om in te lewe ten spyte van Covid-19 pandemie. **Hy voorsien** aan ons die nodige om hier te lewe en daarom is ons dankbaar teenoor Hom.
- God kan voorsien, want **alles behoort aan God** (Psalm 24:1) Die motor wat ons bestuur, die huis waarin ons bly, enigiets anders wat jy kan noem en God is die eintlike Eienaar daarvan.
- Die feit dat God die **Voorsiener en die Eienaar** van alles is, verander ook die vraag wat ons vra as dit by dankoffer kom. Eerder om te vra: “Hoeveel van my geld moet ek vir God gee?” moet ons leer om eerder te vra: **“Hoeveel van God se geld moet ek vir myself hou?”**
- Daarom kan 'n mens 2 Kor. 9 vers 7 so weergee: “*Moenie geld gee omdat jy op een of ander skuldgevoelensstoer is of iemand jou arm agter jou rug gebuig hou nie. Nee, besluit op dié bedrag en **geniet dit dan om dit weg te gee**. God is lief daarvoor wanneer daar in jou 'n vreugdebollemakiesie plaasvind omdat jy só gee!*” Met sulke tipe dankoffers ontdek ons die **genade van gee en dit maak jou vry**.
- Tiendemaand dankoffer bied jou 'n avontuur van ontdekking. Gaan **word stil voor God** en hoor by Hom wat jy moet gee.
- **Ons mikpunt vir die tiendemaand dankoffer is R 550 000.** Want God wil ons familie gebruik om te blom waar ons geplant is, sodat ons 'n verskil in die gemeenskap en wêreld kan maak. Ons kan net getuig hoe ons as familie van Jesus in die verlede al 'n verskil in mense en gemeenskappe gemaak het. Die doel is dus die moeite werd om voor te lewe en te gee!

Jy kan jou bydrae (d.m.v. EFT, Snapsan of 'n Tiendemaand dankoffer koevert) op die 31 ste Oktober 2021 gee tot aan die einde van die finansiële boekjaar, 28 Februarie 2022. Dit is baie belangrik om die

verwysing “10 de Maand Dankoffer” aan te bring by 'n EFT asook Snapsan betaling. U naam is opsioneel. Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland, ABSA tjekrekeningnommer: 2900 5900 51, Takkode: 632005.

